Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za Bloemfontein Baptiste Kerk

Welkom by die diens! Ons glo jy gaan dit saam met ons geniet en dat Jesus iets nuuts van Homself aan jou gaan kom wys! Indien jy nuut is, en graag op ons databasis wil kom om emails en sms'e van die kerk te ontvang met inligting, vul asseblief die Wit Blaadjies tussen die stoele en banke in en gooi dit in die hout posbusse by die deure soos jy uitstap na die diens.

Jy is welkom om na die diens nog inligting te kry in die Klein Kerkie buite by die koffie en tee - Kyk uit vir **iConnect**! Hulle sal jou kan help om in te skakel in die kerk en al jou vrae beantwoord!

Die Laaste Ure van Jesus 2 – Vandag...

"Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
Lukas 23:43

Lukas 23:33-43 (Heb. 9:27; 1 Joh. 1:9; Jak. 2:10; Rom. 6:23; Pred. 7:20; 2 Kor. 5:21; Hand. 4:12; Ef. 2:8-9; Ps. 2:7; Heb. 3:15)

Daar is verskeie mities om gered te word:

1. Die dood is die einde
2. Ek is nie sleg nie; my sonde is nie so groot *issue* nie
3. Jesus was net 'n gewone mens
4. Daar is baie maniere om in die hemel te kom
5. Ek sal regmaak net voor die einde van my lewe

Preek Notas:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Belangrike Inligting

T.i.C. – Teens In Christ
T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie – willie@kerk.co.za of 082 309 5342

PULSE KAMP
Pulse is hierdie jaar 5-8 April by Retief Kampterrein. R550 per persoon. Sluitingsdatum is 28 Maart. Vorms beskikbaar by Willie. Vir navrae: willie@kerk.co.za of 0823095342. Kyk ook by www.bloempulsecamp.co.za

KINDERKERK
Indien jy graag betrokke wil raak om kinders op 'n relevante en genotvolle manier van Jesus te leer, kontak vir Annette by annette@kerk.co.za. Ons wil graag ons spanne wat met kleuters werk vergroot.

GROEP VIR 18-30's
Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jariges wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Klein Kerkie. Kontak vir Willie vir meer inligting – willie@kerk.co.za